

Memorandum: Voorbeeld van 'n eksamenvraestel

Afrikaans Huistaal

Vraestel 2 Skriftelik:

Leesbegripstoets 15 punte

Taal in konteks 15 punte

Kritiese reaksie op literêre tekste 10 punte

Afdeling A: Leesbegrip

Vraag 1

Vrae en voorgestelde antwoorde

1. Bestudeer die titel van die leesstuk. Hoe sluit die titel by die inhoud van die leesstuk aan? (2)
Die titel verwys na 'n albino-eekhorings en sy nuwe tuiste. Die leesstuk verskaf inligting oor hoekom 'n nuwe blyplek vir die eekhorings gevind moes word en ook waar die blyplek is. (2)
2. Die twee eekhorings verskil van mekaar. Noem twee verskille. (2)
Die een eekhorings is grys en die ander een wit. Die geslagte van die eekhorings verskil. (2)
3. Vereis die versorging van klein eekhorinkies dag en nag baie aandag? Motiveer jou antwoord met 'n aanhaling uit die leesstuk. (2)
Ja. Die twee drink nog vier keer per nag melk en eet twee keer per dag neute, vrugte en groente. (2)
4. Is die volgende bewering waar of vals? Baba-eekhorinkies is sagmoedig en kan maklik deur mense hanteer word. Motiveer jou antwoord. (2)
Waar. Eekhorinkies raak eers na drie maande aggressief. (2)
5. Skryf twee redes neer waarom albino-eekhorings nie lank leef nie. (2)
Albino eekhorings leef nie lank nie, omdat hulle nie kamoeflering het nie en maklik velkanker kry. (2)
6. Bestudeer die bostaande spotprent.
 - 6.1 Hoekom dink jy sit Dennis in die hoekie? (1)
Hy was stout. (1)
 - 6.2 Watter afleiding kan jy uit sy woorde maak? (1)
Hy was die vorige jaar ook stout en het ook in die hoekie moes sit. (1)
 - 6.3 Watter maand van die jaar dink jy is dit? (1)
Januarie. (1)
7. Bestudeer die bostaande grappie waarin die seuntjie spog by sy maat oor sy pa en beantwoord die vrae daarvoor gestel.
 - 7.1 Onder watter valse indruk bring die seun sy maat? (1)
Hy gee te kenne dat sy pa 'n televisiepersoonlikheid is. (1)
 - 7.2 Vertel die seun werklik 'n leuen vir sy maat? Verduidelik. (1)

Afdeling B: Taalstrukture

Vraag 2

Vrae en voorgestelde antwoorde

1. Bestudeer die titel van die leesstuk en skryf die werkwoord wat daarin voorkom neer. (1)
Woel. (1)
2. Skryf die vergrotende trap van die woord *baie* (paragraaf 1) neer. (1)
Meer. (1)
3. Gebruik die woord *sommer* (paragraaf 1) en verdeel die woord eers in lettergrepe en dan in klankgrepe. (2)
Som/mer = lettergrepe. So /(m)mer = klankgrepe (2)
4. Die woord *wêreldbekende* kom in paragraaf 2 voor. Skryf die intensiewe vorm van die woord *graag* neer. (1)
Bittergraag / dolgraag. (1)
5. Verklaar die gebruik van die komma in die volgende aanhaling: Nadat hulle Catbook en Dogbook ontwikkel het, het meer as 570 000 internasionale Facebook-gebruikers soontoe gestroom. (1)
Tussen twee gesegdes word daar 'n komma aangetref. (1)
6. Skryf uit paragraaf 4 'n voorbeeld van 'n **bywoord van tyd** neer. (1)
Daagliks. (1)
7. In paragraaf 5 is 'n spelfout begaan. Skryf die woord oor en verbeter die spelling. (1)
Foto's (1)
8. Die woord *hondeasem* (paragraaf 9) is van toepassing.
 - 8.1 Skryf die bepaler van die woord *hondeasem* neer en gebruik dit dan as 'n kern in 'n nuwe woord. (1)
Wildehond, ensovoorts. (1)
 - 8.2 Skryf die woord *hondeasem* oor en onderstreep die verbindingsklank wat daarin voorkom. (1)
Hondeasem (1)
9. Skryf die persoonsnaam neer van iemand wat klavier speel. (1)
Pianis. (1)
10. Gebruik die homofoon van die woord *hael* (raampie 1) in 'n sin sodat die betekenis van die woord duidelik na vore kom. (1)
Ek kom jou haal om by my te kom kuier. Enige sin met haal. (1)
11. Die uitdrukking *jou blaf is erger as jou byt*, (raampie 3) is van toepassing.
 - 11.1 Skryf 'n idioom wat min of meer dieselfde as hierdie uitdrukking beteken, neer. (1)
Blaffende honde byt nie. (1)
 - 11.2 Skryf die kat se woorde in raampie 3 oor in die indirekte rede. (1)
Hy sê dat sy byt erger is as sy blaf. (1)

12. Skryf die volgende sin wat in die bedrywende vorm is, oor in die lydende vorm: *Die kat het al sy kos opgeëet.* (1)

Al sy kos is deur die kat opgeëet. (1)

Totaal Afdeling B: 15 punte

Afdeling C: Letterkunde

Vraag 3

Vrae en voorgestelde antwoorde

1. Hierdie drama speel af in die winter van 1843. Die trekkers was op pad na die noorde. Hoe sal die akteurs wat in hierdie drama speel, se kleredrag lyk? (1)

Die vroue sal lang rokke en kappies dra. Die mans sal trekkerklere van mans dra. (1)

2. Watter dekor sal op die verhoog wees? (2)

Daar sal 'n deel van 'n ossewa wees, bome met sneeu (dalk met watte gemaak of gespuitverf) en 'n kraal van takke. (2)

3. Die kollig skyn op die verteller wat vertel wat gebeur het. Kyk na spreekbeurt 10 en 14. Die verteller se woorde is in die vorm van ...

Kies een van die volgende: 'n drama, prosa, 'n gedig. (1)

Gedig. (1)

4. Bestudeer spreekbeurt 2 noukeurig.

4.1 Hoe weet jy dat Johannes vinnig gehardloop het om die nuus mee te deel? (1)

Hy is uitasem. (1)

4.2 Waaruit kan jy aflei dat Johannes 'n werker is? (1)

Aan sy taalgebruik word hy uitgeken. Afrikaans is nie sy moedertaal nie. (1)

5. Waarom is hy verontwaardig in spreekbeurt 3? (1)

'n Kalf is weg én dit is baie koud. (1)

6. Wat beteken dit as dit *snerpend koud* (spreekbeurt 3) is? (1)

Baie koud. (1)

7. Waarom, dink jy, is elke dier kosbaar vir die trek na die noorde? (1)

Hulle trek die vreemde in. Die diere gee melk en vleis. (1)

8. Hoekom gebruik hulle lampe om na die kalfie te gaan soek? (1)

Hulle was trekkers, hulle het nie elektrisiteit of flitse gehad nie, net lampe. (1)

Totaal Afdeling C: 10 punte